N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 12

20 Maart 2022

Ploeg vir julle ‘n nuwe land!

Israel se hart was afgestomp teenoor God, daarom maan Hosea hulle met die woorde: “Braak vir julle ‘n braakland.” – Hosea 10:12. Israel het geestelike vernuwing en Godsvrug benodig en dit was slegs moontlik deur die omploeg van die hart, soos om ‘n braakland om te ploeg.
Wat is ‘n braakland?
‘n Braakland is ‘n gestagneerde stuk grond, wat ongeploeg en onbewerk is. Hierdie stuk grond is hard en kan daarom geen water absorbeer wat nodig is vir die ontkieming van voedsame saadgewasse nie. Omdat bemesting en onderhoud ook nie plaasgevind het nie, is ‘n braakland onvrugbaar en al wat dit oplewer is dorings en distels en onkruid. Dit is dus onbruikbaar en nutteloos. Die braakland wat nooit omgeploeg word nie, sal nooit vrug oplewer nie. Dit sal nooit die prag van ‘n wingerd of ‘n goue koringland beleef nie.
Die lewe wat ongestoord in sy eie gemaksone wil verkeer en altyd rebelleer teen die harde skok van die koue ploegskaar, sal verseker in ‘n onvrugbare en onproduktiewe braakland stagneer. God se ploeg steur ons vrede. Dit ruk die klippe, stompe en onkruid uit wat diep in ons karakters en harte verskuil is. Dit is seer wanneer die druk van die ploeg swaar aan die binnekant begin sny en jou eens geruste lewe binne ‘n oomblik omkeer. Die oogmerk van God se ploeg is egter nie vernietiging nie, maar dit dien as voorbereidingswerk wat vooruitsien na nuwe vrug, nuwe oeste en nuwe bestemmings wat God doelgerig in Sy kinders se lewens bewerk.
Gee dus vertrouend oor aan die hand wat die ploeg vashou en beleef in jou geestelike sowel as algemene Christelike lewenswandel, nuwe avonture saam met God. Braak vir jou ‘n braakland!

Dankie!

- **Vir die welkome en oorvloedige reën oor groot dele van die land!**
- **Dat God ons help deur die ploeg vas te hou om ons braakland om te ploeg!**
- **Vir so baie wonderwerke en getuienisse deur die hand van die Here in die Ukraine!**
- **Vir genesing en wonderwerke wat ook in ons eie gemeente en gemeenskap gebeur!**
- **Vir die oorvloedige genade van God ons Vader!**

Kom ons prys God ons Vader deur gebed, in die Naam van Jesus, dat Hy na die wêreld toe gekom het om alles in Christus met Homself te versoen. Kom ons aanbid Hom in gees en in waarheid!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons kinders wat nou met vakansie is en almal wat met vakansie gaan. Vir veiligheid.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotzé – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing en herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.

.

Gedagte vir die week:

Wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.
Jak 3:17-18

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org